



# Universiteit van Pretoria Jaarboek 2017

## BIngHons Tegnologiebestuur (12240252)

**Duur van studie** 1 jaar

**Totale krediete** 128

### Programinligting

Die BIngHons (Tegnologiebestuur)-graad word toegeken deur die Departement Ingenieurs- en Tegnologiebestuur. Die bepalings van Fakulteitsregulasies vir honneursgrade is mutatis mutandis van toepassing.

Enige spesifieke module word aangebied op voorwaarde dat 'n sekere minimum getal studente daarvoor inskryf, soos bepaal deur die departementshoof en die Dekaan. Raadpleeg die betrokke departementshoof oor die samestelling van 'n sinvolle nagraadse studieprogram, asook oor die leerplanne van die modules. Raadpleeg die betrokke departementele nagraadse brosjures.

Die leergang word in oorleg met die betrokke departementshoofde bepaal. 'n Student moet in modules met 'n totaal van minstens 128 krediete slaag.

Die graad word slegs op grond van eksamens toegeken.

### Toelatingsvereistes

Behoudens die bepalings van die Algemene Regulasies Reg. G.1.3 en G.54, word 'n BIng-graad of 'n gelykwaardige kwalifikasie vir toelating vereis.

### Eksamens en slaagvereistes

- i. Die eksamen in elke module wat die student volg, word in die eerste normale eksamentydperk na afsluiting van klasse (dit wil sê Oktober/November of Mei/Junie) afgeneem.
- ii. 'n Student vir die honneursgraad moet sy of haar studie in die geval van voltydse studente binne twee jaar, en in die geval van na-uurse studente, binne drie jaar na eerste registrasie vir die graad voltooi, met dien verstande dat die Dekaan, op aanbeveling van die departementshoof, in buitengewone omstandighede 'n vasgestelde beperkte verlenging van die tydperk kan goedkeur.
- iii. 'n Student moet in elke module minstens 50% in die eksamen behaal waar 'n semester- of jaarpunt nie vereis word nie. 'n Module mag net een maal herhaal word.
- iv. In gevalle waar daar wel 'n semester- of jaarpunt toegeken word, word 'n minimum eksamenpunt van 40% en 'n finale punt van 50% vereis.
- v. Geen her- of spesiale eksamens word op nagraadse vlak toegestaan nie.

### Slaag met lof

'n Student slaag met lof as hy of sy 'n geweegde gemiddelde van minstens 75% behaal het in die eerste 128 krediete waarvoor geregistreer is (modules wat betyds gestaak is, uitgesluit). Indien die student enige module druipe (modules wat betyds gestaak is, uitgesluit), kan die graad nie met lof behaal word.



nie.



---

## Kurrikulum: Finale jaar

**Minimum krediete: 128**

### Kernmodules

Navorsingsprojek 780 (IGB 780) - Krediete: 32.00

Ingenieursekonomie 780 (IKN 780) - Krediete: 16.00

Organisasie en innovasie 780 (INV 780) - Krediete: 16.00

Stelselsdenke 780 (ISE 780) - Krediete: 16.00

Projekbestuur 780 (IPK 780) - Krediete: 16.00

### Keusemodules

Instandhoudingsbestuur 780 (IMC 780) - Krediete: 16.00

Bedryfsbestuur 780 (IBB 780) - Krediete: 16.00

Tegnologiese entrepreneurskap 780 (IEE 780) - Krediete: 16.00

Operasionelebestuur 781 (IVV 781) - Krediete: 16.00

---

Die inligting wat hier verskyn, is onderhewig aan verandering en kan na die publikasie van hierdie inligting gewysig word.. Die [Algemene Regulasies \(G Regulasies\)](#) is op alle fakulteite van die Universiteit van Pretoria van toepassing. Dit word vereis dat elke student volkome vertrouwd met hierdie regulasies sowel as met die inligting vervat in die [Algemene Reëls](#) sal wees. Onkunde betreffende hierdie regulasies en reëls sal nie as 'n verskoning by oortreding daarvan aangebied kan word nie.